# Kleuterkerk



# Welkom!
# Lesse:

1. **Genesis 1:** Die Skepping
2. **Genesis 2 - 3:** Adam en Eva; Adam en Eva verlaat die tuin
3. **Genesis 6 - 9:** Noag se Ark
4. **Genesis 37, 41, 45:** Josef word as 'n slaaf verkoop; Josef vergeef sy broers
5. **Eksodus 2-4, 7 -15:** Moses word gered; Die stem uit die brandende bos; "Laat my mense gaan"
6. **Eksodus 20:** Die Tien Gebooie
7. **Rut 1 - 4:** Rut se storie
8. **1 Samuel 17:** Dawid en Goliat
9. **Ester 1 -10:** Ester red haar mense
10. **Jeremia 1, 18:** Jeremia die jong profeet
11. **Daniël 6:** God red Daniël
12. **Jona 1 - 4:** Jona en die groot vis
13. **Lukas 1 - 2 & Matteus 2:**'n Engel verskyn aan Maria; Jesus word gebore; Die sterrekykers
14. **Matteus 3 en Lukas 3:** Jesus word gedoop
15. **Matteus 4:** Jesus in die woestyn
16. **Lukas 6:** Jesus verduidelik die geheim van geluk
17. **Markus 10:** Jesus seën die kindertjies
18. **Lukas 10:** Die goeie Samaritaan
19. **Markus 12:** Die wet van die liefde
20. **Johannes 6:** Jesus gee vir die skare kos
21. **Lukas 5:** Jesus die Geneser
22. **Lukas 19:** Saggeus kies vir Jesus
23. **Matteus 8 & Lukas 8:** Jesus maak die storm stil

24. **Johannes 13:** Jesus was sy dissipels se voete

25. **Matteus 26 - 27; Lukas 24 & Johannes 20:** Jesus se laaste ete saam met vriende; Jesus se verhoor en dood; Jesus leef!

26. **Handelinge 1 - 2:** Die goeie nuus; Die koms van die Heilige Gees

27. **Handelinge 2 - 4:** Die dissipels versprei die goeie nuus

28. **Openbaring 21 - 22:** Die nuwe aarde

**Addisionele lesse**

- Moedersdag
- Vadersdag
- Paasfees
- Hemelvaart
- Kersfees

# Welkom by Kleuterkerk!

Hierdie lêer bevat die jaar se lessies - dit is so saamgestel dat daar teen die einde van die jaar deur die Bybel gewerk is. Daar is egter niks wat vas is nie, dit is slegs riglyne om die beplanning te vergemaklik en om te verseker dat daar na 'n spesiefieke doel gewerk word.

Elke lessie bevat 'n Bybelstorie en 'n 'sleutelsin' wat die storie relevant maak tot die hier-en-nou van die kleintjies se leefwêreld. As een ding uitgelig kan word is dit dit: wat ook al bespreek word moet relevant wees, vir hulle oudedom, die Bredasdorp-konteks en ook spesifieke behoeftes van die groep. Sodoende sal die groter prentjie van die Bybel vir hulle ingekleur word sodat hulle 'n volledige verstaan daarvan kan ontwikkel en die relevansie daarvan in hulle lewens ook sien.

Voel asseblief vry om alle voorstelle, aktiwiteite en idees by die lêer in te voeg. Niks wat hier in is MOET gebruik word nie, dit is net daar om idees te gee!

**Wees jouself, gebruik jou eie idees en geniet elke oomblik!**

# Beste ouers



Welkom by Bredasdorp Gemeente se **Kleuterkerk.** Ons kleuter-groepie bestaan uit 3-6 jariges en ons doel is om 'n gemaklike, prettige omgewing vir die kleintjies te skep sodat ouers rustig kerk kan bywoon. Saam met die pret wil ons ook die groter prentjie van die Bybel vir die kinders inkleur sodat hulle 'n volledige verstaan daarvan kan ontwikkel en die relevansie daarvan in hulle lewens ook sien.

As 'n span glo ons sterk dat dit wat by **Kleuterkerk** plaasvind nie net tot 'n uur op 'n Sondag beperk moet word nie, en wil graag die kleintjies leer om dit wat hulle by Kleuterkerk hoor deel te maak van hulle daaglikse bestaan.

Ons wil graag julle as ouers se samewerking vra hiermee - net 'n paar minute se gesels of 'n paar vrae oor die les gedurende die week. Om dit te bewerkstellig gaan ons 'n epos of *whatsapp* uitstuur oor die betrokke les, met 'n paar idees om gesprekvoering oor die tema aan te moedig en selfs 'n paar voorstelle vir praktiese toepassings.

Ons sien uit om met julle en julle kind/ers te werk hierdie jaar!

**Bredasdorp Gemeente Leraars**

# Lesverloop riglyne

| Aktiwiteit | Tyd | Durasie |
|---|---|---|
| In *check* en vrye spel | 9:45 - 10:05 | 20 minute |
| Mat-tyd<br>- almal gaan sit in 'n kring op die mat (dit vat 'n tydjie!) | 10:05 - 10:10 | 5 minute |
| Verwelkoming<br>- stories<br>- gebede<br>- sing/aanleer van nuwe liedjies | 10:10 - 10:20 | 10 minute |
| Bybelles<br>- lees van storie<br>- bespreking<br>- aanleer van Bybelvers<br>- aktiwiteite | 10:20 - 10: 40 | 20 minute |
| Kreatiewe aktiwiteit | 10:40 tot einde | 20 minute |
| Vrye spel onder toesig vir kinders wat aktiwiteite vroeg voltooi | 10: 55 tot einde | 10 minute |

Hierdie is slegs baie rowwe riglyne vir die verloop van 'n les. Die durasie van 'n aspek is aanpasbaar afhangend van die les. Dit help egter om 'n idee te hê van die durasie van die verskillende apekte wanneer dit kom by beplanning.



## Belangrike inligting

1. **Ouer betrokkenheid** - ons moedig ouers aan om soms 'n Sondag in ons klas deur te bring. Ekstra hande is altyd nodig, en dit gee hulle ook kan om te sien waarmee ons besig is. Indien ons weet dat daar nie die volgende Sondag genoeg helpers gaan wees nie vra ons op die *Whatsapp* groep watter ouers kan uithelp, eerder as om aan die begin van 'n kwartaal vir ouer hulp te vra.
2. **Kollekte** - Die kollekte wat die kinders bring word gebruik om voorraad aan te koop soos nodig. Verduidelik aan die begin van die jaar vir die ouers hoe die kollekte werk. Vat ook tyd om met die kinders te gesels oor hoekom hulle vir die kerk geld gee, waarvoor die kerk die geld gebruik, met watter gesindheid ons moet gee ens.
3. **Musiek** - Ons gebruik Jan de Wet se *Loflaaities* reeks. Ons het gebruik gemaak van 'n skootrekenaar om die musiek te speel. Bronnelêer - Daar is template vir meeste aktiwiteite, asook addisonele prente enspeletjies in die bronnelêer. Daar is ook nog template elektronies beskikbaar op die Kleuterkerk *flashdrive .* Voel vry om nog idees by te voeg!

# Les î



# Les 1: Genesis 1

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om u wonderlike wêreld te geniet en dit op te pas.

## Kern vrae

- Hoe lank het dit God geneem om die aarde te maak?
- Was die 7 dae so lank soos ons dae of was dit langer/korter?
- Wat het God op elk van die 7 dae geskep?
- Wat was die laaste ding wat God geskep het?
- Wat het God op die 7de dag gedoen?
- Rus ons ook op die 7de dag van die week?

## Gesels oor

- Wat beteken dit om mooi na God se skepping te kyk?
- Om mooi na God se skepping te kyk beteken om mooi te kyk na:
  → myself
  → die mense om my (ouers, boeties, sussies, maats ens).
  → die aarde
- Hoe doen ons dit?

## Integrasie (taal/wiskunde/lewensvaardighed)

## Dae van die week

## Aktiwiteit idees

1. Gee vir elke kind 'n stukkie klei waarmee hulle iets wat God geskep het waarvoor hulle dankbaar is kan uitbeeld.
2. Raai die dier:
   Verduidelik aan die kinders dat Adam name aan al die diere wat God geskep het, moes gee. Vra hulle om dan die dier wat jy beskryf te raai, bv. Ek dink aan 'n dier met vier bene en 'n stert wat kan blaf. watter dier dink ek aan?
3. Pak verskillende herwinde items soos roomysstokkies, margarienhouers, papbokse ens. uit. Laat die kinders items kies om 'n 'speelding' uit te bou.
4. Koffiefilter aardbol:
   Vou 'n koffie filter oop sodat dit 'n sirkel vorm. Gebruik blou en groen kokies om die filter in te kleur. Gebruik 'n spuitbottel om die filter nat te spuit. Wag en kyk terwyl die kleure saamsmelt!
5. Laat elke kind 'n prent van hulself teken op 'n bladsy met die onderskrif "Ek is spesiaal en moet mooi na myself kyk".
6. Skeppingsboekmerk:
   Gee vir elke kind 'n boekmerktemplaat. Laat hulle dit inkleur, uitknip en vou. Plak dan 'n gekleurde papier met Genesis 1:31 voorop die boekmerk as 'voorblad' vir die boekmerk.

# Les 2



# Les 2: Genesis 2 & 3

## Sleutelsin

- Liewe Heer, dankie dat u ons vir mekaar gee om lief te hê.

## Kern vrae

- Wie is eerste gemaak, Adam of Eva?
- Hoekom het God besluit om Eva ook te maak?
- Hoekom moes Adam en Eva die tuin verlaat?
- Het God steeds lief gebly vir hulle al het hulle gesondig?


## Gesels oor

- Vir wie is jy baie lief?
- Wie is vir jou baie lief?
- Wat beteken dit om iemand lief te hê?
- Is dit soms moeilik om lief te wees vir ander?
- Hou liefde op as jy iets verkeerd doen, byvoorbeeld is mamma/pappa minder lief vir jou as jy ongehoorsaam is?
- Is God se liefde ook onvoorwaardelik? Hoe bewys die storie van Adam en Eva hierdie onvoorwaardelike liefde?

## Aktiwiteit idees

1. Die Tuin van Eden:
   Plak 'n groot stuk papier/ongedrukte koerantpapier. Gesels oor hoe die Tuin van Eden moontlik kon gelyk het. Gee vir kinders die geleentheid om vorentoe te kom en 'n plant of dier te teken wat hulle dink in die tuin was. Nadat die prent voltooi is, gesels oor hoe God die tuin so mooi geskep het omdat hy net die beste vir Sy mense wil hê. Praat ook oor hoe God steeds die beste vir ons wil hê al sondig ons.
2. Liefdesbriefies: gee vir elke kind 'n pakkie  skoon 'briefies' waarop hulle vir mamma. pappa, 'n juffrou of maats 'n briefie kan skryf of teken en gedurende die week kan uitdeel as 'n teken van liefde.
3. 
4. 

# Les 3



# Les 3: Genesis 6 - 9

## Sleutelsin

- Liewe Heer, dankie vir die reënboog en dat U by u belofte aan ons bly.

## Kern vrae

- Wat het die mense gedoen wat God hartseer gemaak het?
- Was Noag anders as al die mense wat so baklei het?
- Wat het God van Noag gevra?
- Wat het gebeur toe die ark klaar gebou is?
- Toe die reën ophou het daar 'n reënboog verskyn. Waarvan is dit 'n teken?

## Gesels oor

- Wat is 'n belofte?
- Wat beteken dit as jy iemand iets belowe?
- Het God sy belofte dat die aarde nooit weer sal oorstroom nie gehou? Het ons steeds 'n teken van hierdie belofte?

## Integrasie (taal/wiskunde/lewensvaardighed)

- Kleure van die reënboog
- Telvaardighede (diere in die ark)

## Aktiwiteit idees

1. Soek die olyftakkie: Laat die kinders maak of hulle duiwe is wat opsoek is na 'n takkie, Steek takkies op verskillende plekke weg vir die kinders om te ontdek.
2. Laat die kinders aan soeveel as moontlik verskillende diere dink wat Noag op die ark geneem het.
3. Plaas 'n verskeidenheid plastiek/papier diere op die vloer. Verduidelik dat die diere deurmekaar geraak het en dat dit die kinders se werk is om hulle weer in pare op te deel. Vra vir hulle of hulle dink Noag 'n maklike of moeilike werk gehad het. Wat sou die maklikste/moeilikste gewees het? Sou dit lekker gewees het om na al die diere om te sien?
4. 
5. 

6. 

## Liedjies

**Getroue Noag** (op die deuntjie van *Old MacDonald had a farm*)

Getroue Noag het 'n ark

Hie-haa, hie-haai, ho.

En op sy ark was daar 'n beer,

Hie-haa, hie-haai, ho.

Met 'n grr-grr hier en 'n grr-grr daar,

Hier 'n grr, daar 'n grr,

Orals oor 'n grr-grr.

Getroue Noag het 'n ark,

Hie-haa, hie-haai, ho.

## Alternatiewe:

1. Hond...blaf, blaf.
2. Duif...flap, flap.
3. Leeu... raah, raah.
4. Zebra... ney, ney.
5. Muis...piep, piep.

# Les 4



# Les 4: Genesis 37, 41, 45

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om lief te hê eerder as om kwaad te word.

## Kern vrae

- Hoekom was Josef se broers jaloers op hom?
- Hoe het Josef se broers van hom ontslae geraak?
- Wat het hulle vir hulle pa vertel?
- Die vreemdeling aan wie Josef verkoop is, het hom na Egipte toe gevat. Watter belangrike taak het Josef in Egipte gekry? Wie het hierdie taak vir hom gegee?
- Wie het na Josef toe gekom om koring te koop?
- Wat was hulle reaksie toe hulle besef die onderkoning is eintlik hulle broer?
- Hoe het Josef teenoor sy broers opgetree?

## Gesels oor


- Wat is jou eerste reaksie as iemand lelik/onregverdig teenoor jou optree?
- Is dit dan moeilik om weer gaaf met die persoon te wees? Dink julle dit was moeilik vir Josef om gaaf te wees met sy broers?
- Voordat jy op 'n kwaai manier reageer, wat kan jy doen? Op jou tong byt? Tot tien tel?

## Aktiwiteit idees

1. Teken 'n groot buitelyn van Josef op ongedrukte koerantpapier. Laat die kinders om die prent sit en die kleed versier (gebruik materiaalstroke, gekleurde papier, kryte, *glitter glue* ens.)
2. *Pin the coat on Joseph* (soos *pin the tail on the donkey*): Voordat dit hulle beurt is moet die kinders 'n deel van Josef se storie oorvertel, byvoorbeeld Josef het 12 broers gehad, Josef het sy broers vergewe vir wat hulle gedoen het ens.
3. Koffiefilter kleed: Sny jassies uit die koffiefilters uit. Laat die kinders gekleurde kokies gebruik om die filter in te kleur. Gebruik 'n spuitbottel om die filter nat te spuit. Wag en kyk terwyl die kleure saamsmelt! Terwyl die koffiefilter droogword kan leerders 'n prent van Josef teken waarop hulle die jassie kan plak.



4.



# Les 5







# Les 5: Eksodus 2-4, 7-15

## Sleutelsin

- Liewe Heer, dankie dat U u kinders liefhet en beskerm.

## Kern vrae

- Hoekom moes Mirjam haar bababoetie in die Nylrivier sit?
- Wie het haar boetie gekry?
- Hoe het Mirjam dit reggekry dat haar boetie weer by haar gesin kan bly?
- Wie het met Moses uit die brandende bos gepraat?
- Was Moses bang om na die Farao te gaan soos God hom beveel het?
- Het die Farao na Moses geluister?
- Wat het toe gebeur?
- Toe die Israeliete uiteindelik uit Egipte wegkom, word hulle vasgekeer deur die Rooisee. Wat doen hulle toe?

## Gesels oor

- Vandat Moses gebore is, het God hom beskerm. Kan ons steeds op God vertrou om ons te beskerm?
- Soms is dit vir ons moeilik om God te vertrou omdat ons hom nie kan sien nie. Hy is egter nogsteeds by ons al voel ons soms alleen. Hoe kan ons seker wees van God se teenwoordigheid?
- As Christene het ons egter ook 'n verantwoordelikheid om gehoorsaam te wees aan God. Wat beteken dit? Hoe leer ons wat dit beteken om gehoorsaam te wees aan God? By wie leer ons dit?

## Aktiwiteit idees

1. Gee vir elke kind 'n prentjie van baba Moses. Rangskik die prente van die gekleurde riete op die vloer (gebruik die prente in die hulpbron-lêer). Laat die kinders mooi kyk na die rangskikking voordat die prente omgedraai word. Roep die leerders dan een-een vorentoe om 'n kleur riet te kies wat pas by die kleur van hulle baba Moses.
2. 
3. 
4. 

## Liedjie

**Rock-a-Bye Moses** (op die deuntjie van *Rock-a-bye baby*)

Rock-a-bye Moses in your small boat

Rock pretend baby.

Made by your mother so it would float.

Make wave motions with hands

God planned you special, a baby dear.

Rocking and sleeping without any fear.

Rock-a-bye Moses in your small boat.

Miriam watches you as you float.

God's loving care guides a princess your way.

And Miriam runs to get mother today.

Moses is growing into a man.

He learned God wants us to help when we can.

He saw sev'n sisters with sheep at the well.

And he gave them water, when others were cruel.

Taking his sheep to the desert one day.

Moses saw fire from a bush on the way.

It burned and burned but did not burn away.

Then God spoke to Moses: I'm with you always.

# Les 6



# Les 6: Eksodus 20

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om U lief te hê en om altyd te doen wat reg is.

## Kern vrae

- Waar het Moses die Israeliete heen gelei?
- Wat het God aan die mense gegee?
- Hoekom?
- Deur wie het Gid hierdie reëls aan die mense gegee?
- Wat het die mense gedoen toe hulle God se stem hoor?

## Gesels oor

- Waarom is daar reëls in die wêreld?
- Wie maak reëls?
- Is dit altyd maklik om reëls te gehoorsaam?
- Waarom het God vir sy mense reëls gegee?
- Moet ons steeds hierdie reëls gehoorsaam?

– **Integrasie (taal/wiskunde/lewensvaardighed)**

- Telvaardighede (tel tot by tien)

## Aktiwiteit idees

1. Laat elke leerder hulle twee hande op 'n vel papier afteken. Gaan dan weer deur die Tien Gebooie. By elkeen van die vingers moet die kinders 'n prentjie teken wat hulle herinner aan die spesifieke gebod, byvoorbeeld 'n nommer een by die eerste gebod, 'n kruis by die tweede gebod ens.
2. Toiletrol-Moses: Gee vir elke kind 'n kopie van die Moses-templaat om in te kleur en uit te knip. Help hulle dan om die verskillende dele aan 'n toiletrol vas te plak.



3. Tien Gebooie vinger-vou speletjie: Laat elke kind 'n vinger-vou afdruk inkleur en uitknip. Help elkeen dan om die templaat korrek te vou en wys hulle hoe om die speletjie korrek te speel.
4. Hou 'n stok dwars en laat die leerders onderdeur die stok loop. Beweeg die stok geleidelik laer, totdat dit onmoontlik is om meer onderdeur te beweeg. Gesels dan oor hoe, nes dit onmoontlik was om onderdeur die stok te beweeg, dit ook onmoontlik is vir ons om die Tien Gebooie uit ons eie uit te gehoorsaam. Wat vir ons onmoontlik is, is egter vir God moontlik, en daarom het ons Sy krag en leiding in ons lewens nodig.
5.



# Les 7



# Les 7: Rut 1-4

## Sleutelsin

- Liewe Heer, laat my alle mense liefhê.

## Kern vrae

- Hoekom het Naomi en haar gesin uit Bethlehem weggetrek?
- Watter hartseer dinge het met Naomi gebeur?
- Wat het Naomi besluit om na haar seuns se dood te doen?
- Wat het gebeur toe Naomi en Rut in Bethlehem aankom?
- Wie het uiteindelik vir Naomi en Rut gesorg?

## Gesels oor

- Nes Naomi en Rut vreemd was toe hulle teruggegaan het Bethlehem toe, voel ons ook soms vreemd in nuwe situasies. Kan jy dink aan 'n tyd toe jy in 'n vreemde plek was? Hoe het jy gevoel? Bang? Alleen?
- Was daar iemand wat jou gehelp het soos wat Boas vir Naomi en Rut gehelp het?
- Het jy al iemand gehelp wat nuut en vreemd gevoel het?
- Hoe kan ons nuwe maats by die skool/nasorg/Kleuterkerk help om welkom te voel?

## Aktiwiteit idees

1. Om die konsep van liefde, omgee en mekaar help te illustreer, hou 'n drie-been-resies. Die kinders wat aan mekaar vasgebind is moet dan saamwerk om die wenstreep te behaal. 'n Alternatiewe speletjie is om vir elke paar 'n ballon te gee wat hulle tot by die wenstreep in die lug moet hou.
2. Deel die kinders in 3 groepe in, en gee vir elke groep 'n ander kleur. Elke groep moet dan saamwerk om gekleurde items (papier, boontjiesakke) wat dien as koring op te tel,
3. *Fruit Loops* vriendskap bandjies*:* Laat die kinders armbandjies ryg met wol en *Fruit Loops* (die *Fruit Loops* herinner ons aan die koring wat Rut opgetel het). Sodra die almal klaar is, laat die kinders in 'n kring om die mat sit. Elkeen moet die bandjie wat hulle gemaak het dan aan 'n maatjie wat langs hulle sit, gee.



# Les 8



# Les 8: 1 Samuel 17

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om dapper te wees.

## Kern vrae

- Hoekom was die Israeliete bang?
- Wat het Dawid aangebied om te doen?
- Waarmee het Dawid gaan veg?
- Wat het met Goliat gebeur?

## Gesels oor

- Nes die Israeliete, is ons soms bang vir goed. Wat maak jou bang?
- Dawid het op God vertrou om hom te help om dapper te wees. Kan ons dit ook doen?
- Hoe kan ons vir God vra om ons te help om dapper te wees?

## Aktiwiteit idees

1. Laat elke 'n kind 'n prentjie teken van iets wat hulle bang maak (die donker, om alleen te wees ens.). Laat die kinders dan hulle prentjies in 'n ry op die vloer neersit. Gee, een op 'n slag, vir hulle kans om dit wat hulle bang maak uit te roei (maak 'n kettie deur rys in 'n sokkie te sit en dit toe te knoop).
2. Gesels oor maniere wat ons ons vrese kan oorkom. Nes Dawid klippies regte gehad het, kan ons hierdie 'klippies' gebruik om minder bang te voel. Gebruik die templaat van die sakkie en klippies om die aktiwiteit te voltooi.
3. 


4. Foelie-spieël: Gebruik foelie en papierborde om spieëls te maak - wanneer die kinders na hulself in die spieël kyk word hulle daaraan herinner dat hulle dapper is en dat God vir hulle sorg. Druk en plak hierdie gedig aan die agterkant van die spieël:

   *God was with David; God is with you.*
   *God made him brave; You'll be brave, too.*
   *Who is strong and brave? Just wait and see.*
   *Who is strong and brave? It must be me!*



# Les 9



# Les 9: Ester 1-10

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om my mense te beskerm.

## Kern vrae


- Hoekom moes die Jode in 'n ander land gaan bly?
- Met wie het Ester getrou? Het hy geweet Ester was 'n Jood?
- Wat was Haman se plan met die Jode?
- Wat het Ester gedoen om hierdie plan te stop?
- Het Ester dit reggekry?

## Gesels oor

- Ester was baie dapper om met die koning te gaan praat. Moes jy al iets vir iemand sê wat baie moed gekos het?
- Soms is maats lelik met mekaar, of die ouer kinders terg die kleintjies by die skool, of iemand in jou klas word gespot. Wat kan jy doen om hierdie kinders te beskerm soos Ester haar mense beskerm het?


## Aktiwiteit idees

1. Papierkroon: Gee vir elke kind 'n uitgeknipte kroon om in te kleur en te versier. Die kroon herinner ons daaraan dat ons, soos Ester, uitgekies is deur God, en daarom het ons ook 'n verantwoordelikheid om mooi na ander mense te kyk (templaat in bronnelêer).
2. Gee vir elke kind 'n string uitgeknipte papiermannetjies om te versier. Die mannetjies wat vas is aan mekaar herinner ons daaraan dat daar baie mense in ons lewens is waarvoor ons omgee en na wie ons mooi moet kyk.




3. 

# Les 10



# Les 10: Jeremiah 1,18

## Sleutelsin

- Liewe Heer, dankie dat U 'n doel met elkeen se lewe het

## Kern vrae

- Wie het met Jeremia gepraat? Wat het die persoon vir Jeremia gesê?
- Wat was Jeremia se reaksie?
- Waarheen is Jeremia gestuur?
- Wat het Jeremia daar geleer?
- Wat het Jeremia daarna geword en wat het hy gedoen?

## Gesels oor

- Wat is 'n profeet?
- Kan enigiemand ander mense van God vertel of moet jy spesiaal gekies word soos Jeremia?
- Hoe kan ons ander van God vertel? Net deur woorde of deur dade ook?

## Aktiwiteit idees

1. Papier luidspreker: Gee vir elke kind 'n groot vel papier om te versier. Wanneer hulle klaar is, help hulle om die vel papier op te rol om 'n luidspreker te vorm. en plak dit vas met Pritt. Na afloop van die aktiwiteit, laat die kinders weer op die mat sit. Gesels dan met hulle oor hoe 'n profeet iemand is wat mense van God vertel deur wat hy doen en sê. Nes Jeremia lank gelede God se woord verkondig het, moet ons dit nou doen. 'n Luidspreker maak 'n persoon se stem harder, en dit moet ons herinner om nie skaam te wees om oor God te gesels nie, maar dit hard en duidelik oorvertel.
2. In Jeremia staan daar '"Ek weet watter planne Ek vir julle het," verklaar die Here.' Gesels oor hoe die Here vir elkeen van ons, nes vir Jeremia, 'n plan het. Gee dan vir elke kind 'n kaart om in te kleur en te versier (templaat in bronnelêer).
3. Gebruik die volgende resep om klei te maak. Gesels oor wat 'n pottebakker is, en hoekom God sê Hy is die pottebakker en ons is die klei. Gee dan vir elke kind 'n stuk klei om te vorm totdat dit 'perfek' is.
   - 2 koppies meel
   - 1/2 koppie sout
   - 3/4 koppie koue water

# Les îî



# Les 11: Daniël 6

## Sleutelsin

- Liewe Heer, wees by my as ek in gevaar is.

## Kern vrae

- Wat het Daniël drie keer per dag gedoen?
- Hoe het sy vyande hierop reageer?
- Hoekom was Daniël toe in die leeukuil gegooi?
- Hoe het die koning gevoel toe Daniël in die leeukuil gegooi is?
- Wat het Daniël gedoen?
- Wat het toe gebeur?

## Gesels oor

- Ons was dalk nou nog nie in 'n leeukuil nie, maar soms is ons ook in situasies wat ons bang maak.. Wat maak jou soms bang?
- Daniël het op God vertrou om hom te beskerm. So ook kan ons op God vertrou om ons te beskerm wanneer ons ins situasies is wat ons bang maak. Doen saam 'n gebed om vir God dankie te sê dat ons op Hom kan vertrou om na ons te kyk.

## Integrasie (taal/wiskunde/lewensvaardighed)


- Diere geluide - gesels oor verskillende diere en die geluid wat elke dier maak.

## Aktiwiteit idees


1. 


2. 

3. 

4. 

# Les 12



# Les 12: Jona 1-4

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om my vyande lief te hê.

## Kern vrae

- Waarheen het God Jona beveel om te gaan?
- Hoekom wou hy nie daarheen gaan nie?
- Wat het met die skip gebeur waarop Jona probeer vlug het?
- Wat het toe met Jona gebeur?
- Was Jona uiteindelik gehoorsaam?

## Gesels oor

- Soms is daar maats of ander mense van wie ons net nie hou nie. Dit is dan baie moeilik om gaaf en vriendelik met hierdie mense te wees. Wat vertel die storie van Jona vir ons oor hoe ons teenoor hierdie mense moet optree?
- Ons leer ook uit hierdie storie dat ons nooit vir God kan wegkruip nie - hy weet altyd waar ons is. Dit beteken dat God se beskerming en liefde altyd by ons is, maar dit beteken ook dat ons nie ons optrede vir hom kan wegsteek nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om as Christene altyd lief te wees vir die mense om ons - selfs al hou ons nie van hulle nie.

## Integrasie (taal/wiskunde/lewensvaardighed)

- See diere - druk prente uit van verskillende see diere, byvoorbeeld dolfyne, haaie, walvisse, visse ens. uit en laat die kinders die verskillende diere identifiseer.

## Aktiwiteit idees

1. Begin die les deur wegkruipertjie te speel. Verduidelik dan dat vandag se les gaan oor 'n man wat lank gelede vir God probeer wegkruip het
2. Jona en die walvis inkleurprent (Templaat in bronnelêer)
3. 

4. 

   (Templaat in bronnelêer)

5. 

# Les 13



# Les 13: Lukas 1 - 2 & Matt 2

## Sleutelsin

- Liewe Heer, dankie vir U seun, Jesus

## Kern vrae

- Wie het aan Maria verskyn? Wat het hy aan Maria gesê?
- Waar is Jesus gebore? Hoekom daar?
- Wie het vir Josef en Maria in die stal gekry?
- Behalwe die skaapwagters, wie het nog vir Jesus besoek? Wat het hulle na Hom toe gelei?

## Gesels oor

- Gewoonlik vier ons Jesus se geboorte oor Kersfees. Maar soms dink ons so aan al die geskenke dat ons vergeet waaroor dit regtig gaan.
- Jesus se geboorte is nie net 'n storie oor 'n baba nie - dit is 'n storie wat ons almal se lewens verander het. Sonder Jesus sou ons sondes nie vergewe kon word! Daarom moet ons altyd - nie net oor Kerstyd nie - Jesus se geboorte en lewe vier.

## Aktiwiteit idees

1. 


(Bybelvers in bronnelêer)

2. 

3. 

(Templaat in bronnelêer)

4. 

# Les i4



# Les 14: Matteus 3 & Lukas 3

## Sleutelsin

- Liewe Heer, geem my 'n skoon hart.

## Kern vrae

- Wie was Johannes?
- Waar het hy gebly?
- Wat het Johannes gedoen?
- Wat het Johannes vir die mense gesê wat na hom toe gekom het om gedoop te word?

## Gesels oor

- Hoekom laat ouers hulle kinders doop?
- Kan net babas gedoop word? Wat as jy nie as baba gedoop was nie?
- Hoe kyk ons by Bredasdorp Gemeente na doop?
- Hoe moet ons, volgens Johannes, lewe as ons gedoop is?
- Moet ons gedoop wees om kinders van die Here te wees?
- Wat kan jy doen om seker te maak dat jy vriendelik en mededeelsaam is?

## Aktiwiteit idees


1. 

2. 

(Templaat in bronnelêer)

3. 

# Les i5



# Les 15: Matteus 4

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om op U te vertrou as ek getoets word.

## Kern vrae


- Hoekom het Jesus in die woestyn gaan bly?
- Hoe lank was hy daar?
- Wie het na Jesus toe gekom om Hom te tempteer?

## Gesels oor


- Wat beteken dit om getempteer te word? Kan jy dink aan tye wanneer jy getmpteer voel om iets te doen wat jy nie moet nie?
- Wat het Jesus gedoen om versoeking te weerstaan?
- Waaraan kan jy dink om jou te help om versoeking te weerstaan?

## Aktiwiteit idees

1. Sit 'n marshmallow voor elke kind neer, sonder om iets te sê. Wag 'n tydjie om te kyk wie eet die marshmallow en wie kan uithou!
2. Laat elke kind 'n prentjie van 'n woestyn teken. Laat hulle dan sand gebruik om hulle prent verder te versier.
3. Toe Jesus getempteer was, het Hy gesê: 'n Mens kan nie net van brood lewe nie, want God se woord is belangriker as kos. Bespreek hierdie stelling met die kinders. Gee dan vir elke kind twee 'snye brood' waarop die bogenoemde vers gedruk is. Elke kind kan dan sy eie 'toebroodjie' maak deur verskillende kleure papier as vulsels te gebruik. (Templaat in bronnelêer)



# Les î6



# Les 16: Lukas 6

## Sleutelsin

- Liewe Heer, dankie dat U vir ons die pad na regte geluk wys.

## Kern vrae

- Wie verduidelik vir ons wat ware geluk is?
- Wat beteken dit om regtig gelukkig te wees?
- Is dit om net oor jou eie geluk om te gee? Of oor ander mense s'n?

## Gesels oor

- Baie keer dink ons dat geld ons gelukkig kan maak - dan kan ons meer en mooier speelgoed kry, 'n groot huis, sommer alles wat ons harte begeer. Maar bring geld ware geluk?
- As ons mooi na die wêreld en die mense om ons kyk, sê die Bybel sal ons regtig gelukkig wees. Wat kan ons doen om ander mense, en onsself, regtig gelukkig te maak?
- Wanneer ons vir ander wys wat ware geluk is, wie sien hulle in ons raak?

## Aktiwiteit idees

1. Laat elke kind hulle eie 'resepteboek' maak vir hulle geheim van geluk. Elke 'bestanddeel' is dan 'n ander opdrag, soos uiteengesit in Lukas 6. (Templaat in bronnelêer)
2. Gee vir elke kind 'n plastiek inkopiesak. Skryf die opdragte vir geluk op verskillende items wat die kinders moet inkleur en uitknip en in hulle inkopiesak bêre.
3. Vra vir die kinders om elkeen 'n prentjie te teken van wat hulle gelukkig maak. Hulle moet probeer dink and iemand, of iets wat hulle graag doen, eerder as aan 'goed'.

# Les i7



# Les 17: Markus 10

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om U droom te sien.


## Kern vrae

- Wie het by Jesus aangekom toe hy wou rus?
- Wat het Jesus se dissipels vir hierdie mense gesê?
- Wat het Jesus vir die mense gesê?
- Hoe het Jesus gereageer teenoor die kinders?


## Gesels oor

- Jesus se duidelik dat God baie lief is vir kinders. Hoe laat dit jou voel as iemand lief is vir jou?
- Soms voel jy dalk nog te klein om regtig iets vir God se koninkryk te beteken. Maar Jesus sê duidelik dat mense na kinders moet kyk om God se droom te sien. Sjoe! Wat wil jy hê moet mense sien as hulle na jou kyk?


## Aktiwiteit idees




1. Teken 'n groot aarbol op wit papier. Laat elke kind 'n prentjie van hulself teken, uitknip en dan op die aardbol plak.

2. 


3. 


4. 


(

# Les i8



# Les 18: Lukas 10

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om my vyande lief te hê.

## Kern vrae


- Wie het die storie van die goeie Samaritaan vertel?
- Het die Samaritane en die Jode van mekaar gehou?
- Wie het almal die beseerde man geignoreer?
- Wie het hom uiteindelik gehelp?

## Gesels oor

- Wie is jou naaste? Jou familie? Jou maats? Mense wat jy nie ken nie?
- Wat beteken dit as Jesus sê ons moet ons naaste liefhê? Hoe tree ons op teenoor mense vir wie ons lief is?
- Wat van mense van wie ons nie hou nie? Hoe moet ons teenoor hulle optree?
- Wat leer die storie van die Goeie Samaritaan ons hieroor?
- Probeer aan 'n voorbeeld dink oor hoe jy soos 'n goeie Samaritaan kan optree teenoor iemand wat dit soms vir jou moeilik maak om liefdevol mee te wees.

## Aktiwiteit idees

1. Gebruik hierdie aktiwiteit as 'n openings aktiwiteit of doen dit nadat die storie gelees en bespreek is: Deel kinders in groepe van ongeveer vier. Gee vir elke groep 'n noodhulpkissie (verbande, pleisters ens). Kies een kind om die beseerde reisiger te wees (of verdeel 'n Kleuterkerk leier by elke span in om as beseerde op te tree. Elke groep moet so gou as moontlik die beseerde persoon 'reg dokter' deur die noodhulpkissie te gebruik en dan ook ophelp en na 'n afgebakende area toe lei.
2. Laat elke kind 'n huis met 2 vensters in teken, of gebruik die templaat in die bronnelêer. In een venster moet elke kind 'n prentjie van hulself teken, en in die ander venster 'n prentjie van iemand wat hulle naaste is. Bespreek dan wie is ons 'naaste' en hoe ons teenoor hierdie mense moet optree.
3. Goeie Samaritaan prent: laat elke kind hulle eie Goeie Samaritaan prent maak deur gebruik te maak van die prente in die bronnelêer.



4.




(Templaat in bronnelêer)

# Les i9



# Les 19: Markus 12

## Sleutelsin

- Liewe Heer, maak my vol liefde.

## Kern vrae

- Wat is 'n wet?
- Hoekom is wette belangrik?
- Wat is die belangrikste wette volgens Jesus?

## Gesels oor

- Wie is jou naaste? Jou familie? Jou maats? Mense wat jy nie ken nie?
- Wat beteken dit as Jesus sê ons moet ons naaste liefhê? Hoe tree ons op teenoor mense vir wie ons lief is?
- Wat van mense van wie ons nie hou nie? Hoe moet ons teenoor hulle optree?
- Laas week het ons gesels oor die goeie Samaritaan, wat liefdevol opgetree het teenoor iemand wat eintlik sy vyand was. Probeer aan 'n voorbeeld dink oor hoe jy soos 'n goeie Samaritaan kan optree teenoor iemand wat dit soms vir jou moeilik maak om liefdevol mee te wees.

## Aktiwiteit idees

1. Laat elke kind 'n huis met 2 vensters in teken, of gebruik die templaat in die bronnelêer. In een venster moet elke kind 'n prentjie van hulself teken, en in die ander venster 'n prentjie van iemand wat hulle naaste is. Bespreek dan wie is ons 'naaste' en hoe ons teenoor hierdie mense moet optree.
2. 

3. 

   (Hartjie templaat met vers in bronnelêer)
4. 

# Les 20



# Les 20: Johannes 6

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om te deel sodat daar genoeg vir almal kan wees.

## Kern vrae

- Wie het na Jesus sit en luister?
- Wat wou die dissipels met die mense doen?
- Wat het Jesus gesê moet hulle doen?
- Wat was die probleem?
- Wie het toe gesê hy sal sy kos deel?
- Wat gebeur toe?


## Gesels oor

- Soms is dit baie moeilik om te deel - dit is dan so lekker om 'n speelding of 'n lekkertjie vir ons self te hê. Ander kere voel ons dalk dat dit wat ons het nie goed genoeg is om te deel nie.
- Hoe dink julle het die seuntjie in die storie gevoel? Dink julle hy was skaam om die min kos wat hy gehad het te deel? Of was hy trots om die bietjie wat hy het te gee om baie ander mense te help?
- Wat leer hierdie storie vir ons oor deel? Moet ons net deel as ons baie het? Of moet ons ook die min wat ons het deel?

## Aktiwiteit idees



1. Vou een bruin en een blou vel papier in 'konsertina lae' vir elke kind. Laat hulle dan 'n broodjie op die bruin vel en 'n vissie op die blou vel teken. Help hulle om dit uit te sny om 'konsertina' broodjies en vissies te vrom. Gebruik 'n bruin papiersak as mandjie of laat elke kind hulle eie maak met 'n paperbord.
2. Deel vir elke kind 'n prent van 'n mandjie, vyf broodjies en twee vissies uit. Laat hulle die mandjie versier met bruin papier stukke of ou tydskrif blaaie. Die broodjies en vissies kan dan ingekleur en in die mandjie geplak word.
3. Deel vir elke kind 'n toiletrol en 'n prent van Jesus met 'n broodjie en 'n vissie uit. Laat hulle dit inkleur en uitknip en help hulle op die toiletrol vas te plak. (Templaat in bronnelêer)



# Les 2i



# Les 21: Lukas 5

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om vir siek mense om te gee.


## Kern vrae

- Hoekom was die mense bang vir die man wat by Jesus aangekom het?
- Wat het Jesus met hierdie man gemaak?
- Later het daar nog 'n man na Jesus toe gegaan. Wat was fout met hom?
- Hoekom kon die man nie by Jesus uitkom nie?
- Wat het sy vriende toe gemaak?

## Gesels oor

- Dit is nie altyd lekker vir ons om by siek mense te wees nie. Hospitale kan hartseer en vervelig wees. Selfs om vir iemand wat siek is by die huis te gaan kuier kan maar nie lekker wees. Wat leer hierdie storie vir ons oor hoe ons moet wees met mense wat siek is?
- As jy siek is, sal jy daarvan hou as mense vir jou kom kuier?
- Wat dink  jy kan jy doen om iemand wat siek is te laat glimlag? Wat van 'n prentjie teken of 'n briefie skryf?


## Aktiwiteit idees

1. 


(Templaat in bronnelêer)


2. Druk vir elke kind twee prente van die melaatse man uit - een wat hartseer is en een wat glimlag. Laat elke kind hulle prente inkleur en dan met tolietpapier, ou lap ens. versier om soos 'verbande' te lyk. Moedig die kinders aan om te verduidelik hoekom die man eers hartseer was maar toe baie bly geword het.



3. 

(Templaat in bronnelêer)

# Les 22



# Les 22: Lukas 19

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om eerlik en regverdig te wees.

## Kern vrae

- Hoekom kon Saggeus nie vir Jesus sien nie?
- Hoekom het die mense nie van Saggeus gehou nie?
- Wat het Saggeus gedoen om Jesus te sien?
- Toe Jesus met Saggeus praat, het hy baie skaam geword oor al die slegte goed wat hy gedoen het. Wat het hy gedoen om op te maak daarvoor?

## Gesels oor

- Partykeer is ons, nes Saggeus, nie heeltemal eerlik of regverdig nie. Ons wil dalk die beste speelding of die grootste stuk koek vir onsself hou. Soms vertel ons selfs 'n leun om onsself uit die moeilikheid te kry.
- In Saggeus se storie kom ons agter dat oneerlikheid baie slegte gevolge kan hê. Niemand het van Saggeus gehou nie omdat hy gekroek en gejok het. Sou jy met Saggeus wou maats wees?
- In die storie kom ons ook agter dat ons nooit ons oneerlikheid kan wegsteek nie. Wie weet as ons verkeerd optree?
- Die goeie nuus is egter dat Jesus steeds gekies het om by Saggeus te gaan eet. Wat beteken Jesus se onvoorwaardelike liefde dan vir ons as ons verkeerd optree?

## Aktiwiteit idees

1. 


2. 


3. 

# Les 23



# Les 23: Matteus 8 & Lukas 8

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om op U te vertrou as ek bang is.

## Kern vrae

- Hoekom het Jesus 'n stil plek gesoek?
- Wat het gebeur terwyl Jesus geslaap het?
- Hoe het die dissipels gevoel? Waarvoor was hulle bang?
- Wat het Jesus toe gedoen?


## Gesels oor

- Was jy al ooit op 'n boot? Was jy al ooit op 'n boot tydens 'n storm? Hoe het jy gevoel?
- Was jy al in 'n ander situasie wat jou bang laat voel het?
- In die storie sê Jesus vir die dissipels om nie bang te wees nie van God sal hulle oppas? Kan ons ook vir God vertrou om ons op te pas?

## Aktiwiteit idees

1. 


2. Sny 'n verskeidenheid verskillende vorms uit papier uit waarmee die kinders 'n boot kan vorm. Laat hullde die boot dan op 'n blou papier plak en Jesus en die dissipels op hulle prent teken.




3. 

4. 




# Les 24



# Les 24: Johannes 13

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om ander mense gewillig te bedien.

## Kern vrae

- Hoekom was Jesus en sy dissipels se voete vuil?
- Wie het die dissipels se voete gews?
- Wie se werk het die dissiepls gedink dit eintlik is om hulle voete te was?
- Wat sê jesus aan die einde van die storie vir sy dissipels oor wie die belangrikste is?

## Gesels oor


- Sal jy graag iemand se voete was? Of dink jy dis baie grillerig?
- Gelukkig hoef ons nie regtig mekaar se voete te was nie! Hierdie storie leer ons net dat niemand op aarde belangriker is as enigiemand anders nie. Ons is almal gelyk in God se oë. Daarom moet ons mekaar liefhê en mekaar dien.
- Wat beteken dit om iemand te dien? Hoe kan ons ander mense dien?

## Aktiwiteit idees

1. 


(Templaat in bronnelêer)

2. 



3. 


(Templaat in bronnelêer)

4. 

5. *Musical shoes* - Almal moet een skoen uittrek en in die middel van 'n sirkel plaas. Haal 'n paar skoene uit sodat daar meer kinders as skoeen is. Wanneer die musiek speel loop almal in 'n kring om die skoene. Sodra die musiek stop moet almal 'n skoen gryp en aantrek. Dié wat nie 'n skoen gekry het nie is uit. Herhaal dat daar 'n wenner is.

# Les 25



# Les 25: Matt 26 - 27; Luk 24

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om te glo dat Jesus leef.

## Kern vrae

- Hoekom is Jesus gevange geneem?
- Hoe is Jesus behandel?
- Wat het toe met Jesus gebeur?
- Hierdie storie het egter 'n gelukkige einde. Wat het na 2 dae gebeur?
- Wat het by die graf waar Jesus begrawe is gebeur?

## Gesels oor

- As jy een van die dissipels was, hoe sou jy gevoel het toe Jesus dood is?
- Sou jy geglo het dat hy weer opgestaan het?
- Hoe sou jy reageer het toe jy Jesus gesien het?
- Wat beteken Jesus se opstanding vir ons?
- Wat moet ons doen om ewige lewe te kry/aanvaar?
- Wat beteken Jesus se dood vir hoe ons vandag moet lewe?

## Integrasie (taal/wiskunde/lewensvaardighed)

- Paasfeestradisies en -gebruike

## Aktiwiteit idees

1. Paaseier-skattejag: Steek leë paaseier papier in die klas of tuin weg. Verduidelik aan die kinders dat daar een paaseier vir elke kind

weggesteek is om te kry. Wanneer hulle slegs die papier vind, gesels oor hoe die belangrikheid van Paasfees nie daarin lê dat daar iets is nie, maar dat dar NIKS is nie - Jesus se graf was leeg en daarom kan ons Paasfees vier (onthou om na die tyd vir almal 'n paaseier uit te deel!)

2. Gee vir elke kind 'n prent van die leë graf met die teksvers. om in te kleur en te versier. Elke kind kry ook 'n grafsteen om in te kleur en uit te knip. Nadat hulle klaar is, word die grafsteen met 'n *split pin* vasgemaak sodat dit om die opening van die graf roteer.
3. Klei graf
    - 2 koppies meel
    - 1/2 koppie sout
    - 3/4 koppie koue water




4. Paasfees nessies: Gee vir elke kind 'n stuk klei (sien resep bo) waaruit hulle 'n bakkie/nessie moet maak. Gee ook vir elke kind 'n Paasfees-gedig (in hupbronlêer). Lees die gedig saam met die kinders, en soos wat elke kleur genoem word moet hulle die korrekte kleur Jelly Bean/Rascal in hulle nessie sit.

5. 

# Les 26



# Les 26: Handelinge 1 & 2

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om te glo dat Jesus naby is.

## Kern vrae

- Wat het Jesus vir sy vriende gesê om te doen?
- Jesus het gesê dat hy altyd by ons sal wees. Wie/wat is gestuur om aans hieraan te herinner?
- Wat het die twee mans vir die dissipels gesê nadat Jesus opgevaar het hemel toe?

## Gesels oor

- Alhoewel Jesus nie meer op aarde is nie, weet ons dat Hy eendag gaan terugkeer. As kinders van Jesus het ons egter 'n verantwoordelikheid om ander lief te hê en van Jesus se liefde te vertel. Hoe kan ons vir ander mense wys dat ons kinders van Jesus is?
- Soms is dit moeilik om te voel dat Jesus naby is omdat ons hom nie kan sien nie. Het jy enige spesiale gewoontes wat jou help om te voel dat Jesus naby is?
- Toe ons gesels het oor Moses het ons gesels oor beloftes, en dat God altyd sy beloftes hou. Wat beteken die belofte dat Jesus eendag gaan terugkom aarde toe dan vir ons?

## Aktiwiteit idees

1. 

(Templaat in bronnelêer)

2. 

3. 

# Les 27



# Les 27: Handelinge 2-4

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om my liefde vir U met ander mense te deel.

## Kern vrae

- Wat het die dissipels vir mense vertel?
- Hoe het die mense in hierdie storie teenoor mekaar opgetree?

## Gesels oor

- As Chrsitene en kinders van God moet ons ook, nes die dissipels, vir mense oor God vertel. Dit kan nogals moeilik wees! Selfs grootmense weet nie altyd hoe om met ander mense oor Jesus te praat nie.
- Daar is egter ander maniere wat ons vir mense kan wys ons is kinders van God: deur hoe ons optree. Die mense in die storie was vol liefde vir mekaar en was soos 'n groot, gelukkige familie. Hoe moet ons optree om vir mense te wys ons is Christene?

## Aktiwiteit idees

1. Papier luidspreker - gee vir elke kind 'n groot vel papier om te versier. Wanneer hulle klaar is, help hulle om die vel papier op te rol om 'n luidspreker te vorm. en plak dit vas met Pritt Verduidelik dat 'n luidspreker 'n persoon se stem harder maak, en dit moet ons herinner om nie skaam te wees om oor God te gesels nie, maar dit hard en duidelik oorvertel.
   Gee vir elke kind 'n prent van 'n tas. Gesels oor wat hulle in hulle tassie moet pak as hulle die goeie nuus wil verkondig. Laat die kinders dan hierdie items in hulle tas teken (Templaat in bronnelêer).
2. 

# Les 28



# Les 28: Openbaring

## Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om u droom van 'n nuwe wêreld te help waar maak.

## Kern vrae

- Was die droom wat Johannes gehad het goed of sleg?
- Wat het God vir Johannes in sy droom gesê?
- Hoe het die mense in hierdie droom geleef?
- Hoe het hierdie heilige plek in Johannes se droom gelyk?

## Gesels oor

- Op aarde, soos in Johannes se droom, gebeur daar slegte goed, soos oorlog, rampe en siektes. God belowe ons egter dat Hy 'n nuwe hemel en aarde sal maak waar niemand meer hartseer sal wees nie.
- Te midde van die slegte goed wat op aarde gebeur, moet ons as God se kinders lig vir die wêreld bring. Wat beteken dit? Hoe doen ons dit?

## Aktiwiteit idees

1. Gee vir elke kind 'n boontjie, en wys hulle hoe om dit in watte toe te maak om te ontkiem. Gesels oor hoe iets mooi en nuut uit iets eenvoudigs soos 'n boontjie kan kom. Op dieselfde manier gaan God iest mooi en nuuts uit die stukkende wêreld skep.
2. Teken of verf 'n groot aardbol op ongedrukte koerantpapier. Laat elke kind dan 'n vinger- of handafdruk langs die aardbol maak, of laat hulle 'n prentjie van hulself teken.



3. Vou 'n koffie filter oop sodat dit 'n sirkel vorm. Gebruik blou en groen kokies om die filter in te kleur. Gebruik 'n spuitbottel om die filter nat te spuit. Wag en kyk terwyl die kleure saamsmelt!



4. 

# Moedersdag



# Moedersdag:

Het jy al ooit gewonder hoe Moedersdag begin het?

Mense het baie, baie lank gelede begin om Moedersdag te vier. 150 jaa terug het 'n vrou met die naam Anna Jarvis 'n groot dag gereël om mense in haar gemeensakp bewus te maak van siektes. Sy het die dag "Moeders Werk Dag' genoem, omdat sy geweet het mammas is altyd besorg oor hulle gesinne se gesondheid.

Na Anna Jarvis se dood, het haar dogter besluit om 'n spesiale dag te skep om haar ma te eer vir al haar harde werk.

Sy het vreeslik hard gewerk, en selfs met die president gepraat om 'n spesiale dag vir mammas te maak. En nou, baie jare later, vier ons Moedersdag.

Mammas was egter nog altyd spesiaal, selfs voor ons Moedersdag gevier het. Mammas is so spesiaal dat hulle in die Bybel genoem word.

Onthou julle wat die Tien Gebooie is? Dit is die reëls wat God vir Moses gegee het wat ons almal moet gehoorsaam. Een van die gebooie sê dat ons ons pa's en ma's moet eer.

Wat presies beteken dit om iemand te eer? Wanneer ons luister, gehoorsaam is, liefde bewys en waardering wys, dan eer ons ons ouers.

As ons vir mamma drukkies gee, briefies skryf of dankie sê vir alles wat sy doen, eer ons haar ook.

Eer beteken ook dat ons nie terugpraat nie, nie op ons ouers skree of gil nie, en om hulle altyd te respekteer.

Mamma's is nie perfek nie en maak ook foute, maar ons moet onthou dat hulle altyd hulle beste probeer om ons te help, ons te leer en ons lief te hê!

*Efesiërs 6:1-3*
*Kinders wees as gelowiges aan julleouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. 'Eer jou vader en jou moeder' is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: 'sodat dit met jou mag goed gaan en jy lank mag lewe op aarde.'*

## Aktiwiteit idees

1. 



2. 


3. 


4. 


5. 

# Vadersdag



# Vadersdag

Het jy al ooit gewonder hoe Vadersdag begin het?

Dit het alles begin met 'n meisie wat graag vir haar pa wou dankie se vir alles wat hy vir sy gesin gedoen het. Die eerste Vadersdag is meer as 100 jaar terug in Amerika gevier.

Pappas was egter nog altyd spesiaal, selfs voor ons Vadersdag gevier het. Pappas is so spesiaal dat hulle in die Bybel genoem word.

Onthou julle wat die Tien Gebooie is? Dit is die reëls wat God vir Moses gegee het wat ons almal moet gehoorsaam. Een van die gebooie sê dat ons ons pa's en ma's moet eer.

Wat presies beteken dit om iemand te eer? Wanneer ons luister, gehoorsaam is, liefde bewys en waardering wys, dan eer ons ons ouers.

As ons vir pappa drukkies gee, briefies skryf of dankie sê vir alles wat hy doen, eer ons hom ook.

Eer beteken ook dat ons nie terugpraat nie, nie op ons ouers skree of gil nie, en om hulle altyd te respekteer.

Pappa's is nie perfek nie en maak ook foute, maar ons moet onthou dat hulle altyd hulle beste probeer om ons te help, ons te leer en ons lief te hê!

*Efesiërs 6:1-3*
*Kinders wees as gelowiges aan julleouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. 'Eer jou vader en jou moeder' is 'n baie belangrike*

*gebod. En daar is nog 'n belofte by: 'sodat dit met jou mag goed gaan en jy lank mag lewe op aarde.*

## Aktiwiteit idees

1. Kaartjie (Templaat in bronnelêer)



2.




3.




4.



# Paasfees



# PAASFEES

## Matteus 26 - 27; Lukas 24 & Johannes 20: Jesus se laaste ete saam met vriende; Jesus se verhoor en dood; Jesus leef!

### Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om te glo dat Jesus leef.

### Kern vrae

- Hoekom is Jesus gevange geneem?
- Hoe is Jesus behandel?
- Wat het toe met Jesus gebeur?
- Hierdie storie het egter 'n gelukkige einde. Wat het na 2 dae gebeur?
- Wat het by die graf waar Jesus begrawe is gebeur?

### Gesels oor

- As jy een van die dissipels was, hoe sou jy gevoel het toe Jesus dood is?
- Sou jy geglo het dat hy weer opgestaan het?
- Hoe sou jy reageer het toe jy Jesus gesien het?
- Wat beteken Jesus se opstanding vir ons?
- Wat moet ons doen om ewige lewe te kry/aanvaar?
- Wat beteken Jesus se dood vir hoe ons vandag moet lewe?

### Integrasie (taal/wiskunde/lewensvaardighed)

- Paasfeestradisies en -gebruike

## Aktiwiteit idees

1. Paaseier-skattejag: Steek leë paaseier papier in die klas of tuin weg. Verduidelik aan die kinders dat daar een paaseier vir elke kind weggesteek is om te kry. Wanneer hulle slegs die papier vind, gesels oor hoe die belangrikheid van Paasfees nie daarin lê dat daar iets is nie, maar dat dar NIKS is nie - Jesus se graf was leeg en daarom kan ons Paasfees vier (onthou om na die tyd vir almal 'n paaseier uit te deel!)
2. Gee vir elke kind 'n prent van die leë graf met die teksvers. om in te kleur en te versier. Elke kind kry ook 'n grafsteen om in te kleur en uit te knip. Nadat hulle klaar is, word die grafsteen met 'n split pin vasgemaak sodat dit om die opening van die graf roteer.
3. Klei graf
    - 2 koppies meel
    - 1/2 koppie sout
    - 3/4 koppie koue water




4. Paasfees nessies: Gee vir elke kind 'n stuk klei (sien resep bo) waaruit hulle 'n bakkie/nessie moet maak. Gee ook vir elke kind 'n Paasfees-gedig (in hupbronlêer). Lees die gedig saam met die kinders, en soos wat elke kleur genoem word moet hulle die korrekte kleur Jelly Bean/Rascal in hulle nessie sit.

5. 

# Hemelvaart



# Hemelvaart

## Handelinge 1 & 2: Die goeie nuus; Die koms van die Heilige Gees

### Sleutelsin

- Liewe Heer, help my om te glo dat Jesus naby is.

### Kern vrae

- Wat het Jesus vir sy vriende gesê om te doen?
- Jesus het gesê dat hy altyd by ons sal wees. Wie/wat is gestuur om aans hieraan te herinner?
- Wat het die twee mans vir die dissipels gesê nadat Jesus opgevaar het hemel toe?

### Gesels oor

- Alhoewel Jesus nie meer op aarde is nie, weet ons dat Hy eendag gaan terugkeer. As kinders van Jesus het ons egter 'n verantwoordelikheid om ander lief te hê en van Jesus se liefde te vertel. Hoe kan ons vir ander mense wys dat ons kinders van Jesus is?
- Soms is dit moeilik om te voel dat Jesus naby is omdat ons hom nie kan sien nie. Het jy enige spesiale gewoontes wat jou help om te voel dat Jesus naby is?
- Toe ons gesels het oor Moses het ons gesels oor beloftes, en dat God altyd sy beloftes hou. Wat beteken die belofte dat Jesus eendag gaan terugkom aarde toe dan vir ons?

## Aktiwiteit idees

1. 

(Templaat in bronnelêer)

2. 

3. 

# Kersfees



# Kersfees

## Lukas 1 - 2 & Matteus 2 - 'n Engel verskyn aan Maria; Jesus word gebore; Die sterrekykers

### Sleutelsin

- Liewe Heer, dankie vir U seun, Jesus

### Kern vrae

- Wie het aan Maria verskyn? Wat het hy aan Maria gesê?
- Waar is Jesus gebore? Hoekom daar?
- Wie het vir Josef en Maria in die stal gekry?
- Behalwe die skaapwagters, wie het nog vir Jesus besoek? Wat het hulle na Hom toe gelei?

### Gesels oor

- Gewoonlik vier ons Jesus se geboorte oor Kersfees. Maar soms dink ons so aan al die geskenke dat ons vergeet waaroor dit regtig gaan.
- Jesus se geboorte is nie net 'n storie oor 'n baba nie - dit is 'n storie wat ons almal se lewens verander het. Sonder Jesus sou ons sondes nie vergewe kon word! Daarom moet ons altyd - nie net oor Kerstyd nie - Jesus se geboorte en lewe vier.

## Aktiwiteit idees

1. 


(Bybelvers in bronnelêer)

2. 

3. 

(Templaat in bronnelêer)

4. 